

**Sing vooraf:** Psalm 86:3

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 103:1, 2

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 32:1

Skriflesing: Psalm 32

Teks: Psalm 32:1-2; Kategismus Sondag 51

**'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.** (Psalms 32:1-2 AFR1953)

As ons hierdie Psalm lees, is daar dadelik op die ware gelowige se gemoed 'n swaar las en druk van armoede – geestelike armoede! Ons is arm aan alles wat goed is.

- Ons huiwer byna om onself as heiliges te sien.
- Ons waag met moeite om onself kinders van God te noem.
- Ons besef die hopeloosheid van ons lewens – dat ons sonde elke dag vermeerder.
- Ons weet ook sonder twyfel dat ons in hierdie lewe sondaars sal bly tot ons dood toe:
  - Eerstens kan ons nie ophou sondes doen nie, en
  - verder kan ons ook nie die smet van dié wat ons klaar gedoen het, verwyder nie.

*Enige mens wat werklik eerlik oor sy eie sondes dink, voel of hy onbedaarlik aan die skreeu kan gaan oor alles wat hy/sy in die verlede verbrou het teenoor God en teenoor die mense rondom ons.*

Die valse gelowige voel natuurlik nie so nie.

- Hulle voel hulle het 'n reg op alles.
- Hulle glo hulle doen dinge reg, en as hulle dinge verkeerd doen, moet die ander mense hulle nou maar so aanvaar en opgebruik.
- Maar hierdie selfde mense is baie bitter teenoor diegene wat hulle te na kom.

Die gelowige is anders – hy kan die lig van God se reg sien.

- Hy kan sien dat hyself so ver tekort skiet dat hy nooit by ander se sondes sal kan uitkom nie, omdat sy eie 'n muur om hom vorm.
- Hy besef dat sy sondes hom van God en mens isoleer – as hy nie genade van God af kry om dit te deurbreek nie.

Daarom word enige mens wat waarlik glo, gedryf om God te smee om tog asseblief hierdie sondes wat so aan hom klou en hom besoedel, te vergewe en selfs heeltemal weg te neem, sodat hy “skoon” kan wees.

Hierdie besef van sondes en swakheid behoort ons ook te dryf om, elke keer as ons bid, te smee vir vergifnis.

- Dit is waarom hierdie digter so lirie kan raak oor iemand wat weet dat God hierdie besondere gebed van hom verhoor het en sy sondes van hom af weggevat het.

Sonde sit van baie kante af aan ons vas:

- Dit gaan oor sondes wat ons lank terug gedoen het.
- Daar is ook sondes waaraan ons al verslaaf geraak het en wat ons elke dag berekend doen, maar dit tog probeer regverdig terwyl ons van beter weet.
- En dit gaan oor sondes wat doodeenvoudig oor ons pad kom en wat ons doen – ons val eintlik net daarin.

Nou sit ons met hierdie kwellinge, want ons gewete raak rou geskuur oor hierdie dinge en daarom is ons nie gelukkig nie.

- Enige uitverkore mens haat die sonde – ook sy eie – en dit pla hom voortdurend wanneer hy dit begaan.

Maar ons besef ook dat ons natuurlike aanleg om sonde te doen ons nie van wedergeboorte en daaglikse bekering beroof het nie.

- Die Here vergewe ons ons sondes baie maklik.
- Hy vergewe ook sonder om ons eie onbekwaamhede in berekening te bring.
- Hy doen dit omdat die bloed van sy Seun vergiet is, en omdat daardie bloed eis dat daar vergewing moet wees vir die mense vir wie dit vergiet is.

As Christus nie gesterf het nie, sou die lewe ons wanhopig gemaak het.

- Ons sou moes leef met die kwellinge dat ons in die hel en die dood injaag om nooit iets anders te smaak as pyn en angs en vrees en wanhoop nie.

Maar God wou nie dat alle mense in hierdie troostelose toestand bly lewe nie.

- Hy het toe sy Seun laat sterf tot vergewing van die sondes van sekeres wat God self uitgesoek het.
- Die Bybel beskryf dit op talle plekke, onder andere Efesiërs 1:4.

Christus se bloed maak skuldvergewing moontlik.

- Hy het juis alle straf wat God vir ons gehad het, gedra, en Hy het namens ons aan al God se reg voldoen.

Die kruisdood en ook die **daad** van Christus se dood is so geweldig groot dat geen mens se verstand dit behoorlik kan bevat nie.

- As ons eendag die hiernamaals ingaan, is die effek van hierdie sondevergewing so sterk dat ons geen smet meer sal dra van al die kwaad wat ons in ons lewe gedoen het nie – selfs nie van die afskuwelikste daade uit ons verlede nie!

Tot sover het ons ook net gebid vir vergewing van sondes.

- As u egter dink aan die *Onse Vader* wat Christus ons geleer het, dan het Hy gesê dat ons elke keer as ons bid vir vergifnis van ons eie sondes sommer ook moet onthou dat ons hierdie genade van God moet uitdra, soos wat God dit oor ons doen.
- Hy vergewe ons al ons sondes “net soos wat ons ons sondaars vergewe”.

*Soos ons ook ons oortreders vergewe wat hulle alles teen ons doen.*

Hierdie deel van ons gebed is eintlik ’n eie getuigenis van ons lewe – ’n belydenis van dit wat ons doen (of behoort te doen, maar nie doen nie?!).

Geliefdes van die Here, hoe vergewe u sondes wat teen u gedoen is?

- Waarom gebeur dit dat dinge wat ander mense teen ons gedoen het, so dikwels weer opgediep en vertroetel word?
- Ons vra dus dat God ons sondes ook gereeld moet opdiep en voor ons deur lê – want ons vra in ons gebed dat God ons moet vergewe soos ons dit doen!

Hoe doen ons hierdie taak wat ons by ons hemelse Vader geleer het?

- Die Here beskou dit nie as 'n akkoord dat ons eers moet vergewe en dan sal Hy ons vergewe nie.
- Maar Hy beskou dit wel as 'n akkoord dat ons die genade van skuldvergifnis verder sal uitdra en doen soos wat Hy dit met ons doen.
- Ons naasteverhoudinge is in hierdie opsig 'n direkte weerspieëling van die diepte van ons geloof – en ook van die neerslag wat die genade van Christus in ons sieletoestand het.

*Ons beleef geestelike armoede gevoelsmatig. Daarom blyk dit ook dat die gebed om skuldvergifnis ons dryf tot selfondersoek.*

- Hoe pas die verbod op haat en nyd (doodslag) by my eerlikheid as ek bid?
- Is my twyfel nie dalk gegrond in my eie doelbewuste onregverdige lewe nie?
- Ons vrees vir oordeel en dood is juis as gevolg daarvan dat ons bang is dat God met ons sake gaan werk soos wat ons met ander mense s'n werk.

***Daarom moet daar 'n voorneme wees wat ons dring in ons harte: ons moet genade gee en sondes teen ons vergewe, want dis deel van die beeld van ons hemelse Vader wat ons dra en moet uitlewe.***

- Ons moet ons eie harte oefen om te kan vergewe, om genade te kan gee.
- Selfs onder die uiterste omstandighede moet ons nog waardering vir mense hê, en liefde teenoor hulle beoefen.

Broeders en susters, onthou dat God in ons verheerlik moet word.

- Hy maak dit moontlik dat ons dit kan doen deur ons sondes te vergewe.
- Hy woon self in ons met sy Gees.
- Hy verwag van ons 'n blymoedige lewe.

Onthou dat die Here ons grootste sondes vergewe.

- Dink aan Petrus wat Hom verraai het;
- Thomas se ongeloof;
- Paulus se vervolginge van die Christene; en
- 'n rower se sosiale misluktheid.

Kom ons smee met berou vir vergifnis van ons sondes, maar doen ook soos wat ons van God vra dat Hy met ons moet doen.

'n Samevatting van hierdie preek vind u in Kategismus Sondag 51.

***Vraag 126: Wat is die vyfde bede?***

***Antwoord:*** *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondears, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

*(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 25:1, 3

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees  
bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 1 April 2007 (aand)**